

# Versamelstuk

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 2 bolle Tri-dalia Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm; wit materiaal van 160 x 80 cm.

**AFKORTINGS:** gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek (steke); blk(s) – blokkie(s); tr – tros-sie; d.w.s., 4 onvoltooid langbene saam deurgetrek; herh – herhaal; vlg – volgende.  
**Spasie:** 1Lb om te begin; \*2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

**Blokkie:** 1Lb om te begin; \*1lb in elk van vlg 2 lb, 1lb in vlg st om blk te voltooi.

**Laset:** word oor 2 rye gehekel:

**1e ry:** 1Lb om te begin, \*5ks, slaan 5 ste oor, lb in vlg st; herh soos aangedui.

**2e ry:** 1Lb in lb, 3ks, 1kb in 3e van 5ks van vorige ry, 3ks, 1lb in vlg lb; herh soos aangedui.

**AANWYSINGS:** Die gordyn word versier met 'n gehekelde seshoek en 'n strook met blokkies en lasetmotiewe; die onderste rand word met gekoopte fraaiings afgewerk.

**SESHOEK:** Dit bestaan uit 19 ronde motiewe.

**MOTIEF:** Begin met 4ks, sluit met gs om ring te vorm.

**1e rondte:** 5Ks (=1lb plus 2ks), \*1lb in ring, 2ks; herh nog 4 keer vanaf \*, eindig met gs in 3e van 5 begin-ks – 6 spasies gevorm.

**2e rondte:** 4Lb in sp, 2ks; herh rondom.

**3e rondte:** \*4Lb in sp, 5ks; herh rondom.

**4e rondte:** \*4Lb-tr in sp, 4ks; 1kb in sp, 4ks; herh rondom.

Knip gare af en werk netjies af.

Hekel altesaam 19 sulke motiewe en hekel hulle aanmekaar vas by die 4lb-tr.

**OMRANDING: 1e rondte:** \*(2Lb, 1ks, 2lb) in sluit-st van 4lb-tr, 1ks, (2lb, 1ks, 2lb) in sp, 1ks, 1lb in kb, 1ks, (2lb, 1ks, 2lb) in vlg sp, 1ks; herh rondom.

**2e en 3e rondte:** \*1Lb in lb, 2ks; herh rondom.

**4e en 5e rondte:** Soos 2e ry, maar met 3ks.


**LASETSTROOK:** Begin met 147ks, draai en plaas 1e lb in 4e ks vanaf hekelpen.

Raadpleeg diagram en hekel voort tot strook so lank soos breedte van gordyn is.

Knip gare af en werk netjies af.


**AFWERKING:** Werk die horisontale strook op gordyn vas, en die seshoekmotief op onderste deel, soos op illustrasie gesien kan word, en knip die materiaal daaronder weg.

Werk onderkant met gekoopte galon af, of hekel 'n randjie soos verlang. ●



## GORDYN MET INSETSELS

DIAGRAM VIR LASETSTROOK



● – kettingsteek  
 ✚ – langbeen  
 ✚ – laset  
 X – kortbeen

SLEUTEL TOT DIAGRAM